# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (5/20)*

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 14 Februarie 2020*

***"Chess is as elaborate a waste of human intelligence as you can find outside an advertising agency" Raymond Chandler***

## FRUIT LOGISTICA

Die weer in Berlyn was vanjaar matiger - en dit was makliker om na en van die Fruit Logistica skou te reis. Met 'n nuwe grafiese styl en 'n struktuurverandering, was die Suid-Afrikaanse stalletjie eersteklas. Die stalletjie is moontlik gemaak deur befondsing van Departement Handel, Nywerheid en Mededinging, bedryfsorganisasies en lede van die Fresh Produce Exporters Forum (FPEF). Een van die Suid-Afrikaanse vrugtebedrywe se grootste bates is die mense wat daar werk. Daar kan in die afsprake gesien word dat daar wedersydse respek vir die invoerders is, 'n groot gevoel van kameraadskap onder mededingers en tasbare opwinding by die stalletjie.

Dit was 'n voorreg om saam met Jose Antonio Garcia van Spanje 'n heildronk te kon drink op die nuutgestigte Wêreld Sitrus Organisasie. Statistieke toon dat sitrus markaandeel aan ander vrugtesektore verloor het - alhoewel sitrus die naas grootste vrugteproduk na piesangs is, is die groei in verbruik minder as 3% per jaar. Ander sektore (soos avokado, bloubessie, kiwi, appels en pere) het wêreldwye liggame gevorm om hul sektore te bevorder - en hul beter groeitempo getuig van die voordele van sulke platforms.

Die Fruit South Africa stalletjie was in saal 26. In dieselfde saal was 'n stalletjie met al die grafieke vir die Hebei-provinsie, en niemand het die stalletjie beman nie. Weens die Coronavirus kon die mense wat by die stalletjie moes werk, nie reis nie. 'n Skrille herinnering aan hoe hierdie gebeure die internasionale handel kan beïnvloed. Daar was baie bespreking oor hoe hierdie virus die sitrusseisoen van 2020 sal beïnvloed. Met 140 000 ton Suid-Afrikaanse sitrus wat die afgelope jare na China uitgevoer is, sal dit verwoestend wees as kopers in China bestellings verminder as gevolg van die risiko vir lae verbruik. Verbruikers in baie dele van China vind dit moeilik om rond te gaan, wat 'n invloed het op die verkoopsyfers en die werking van die markte. Daar is berigte van duisende houers wat in hawens aangehou word soos handel afneem. 'n Verdere gevolg hiervan is die plasing van leë houers en die beskikbaarheid van toerusting.

Fruit Logistica het in 2020 stiller gelyk - wat kon gewees het omdat baie Chinese spelers nie na die byeenkoms kon reis nie. Oor die algemeen het handelaars aangedui dat die sitrusuitvoere vanaf die Suidelike Halfrond 'n leë mark behoort te betree, aangesien baie produsente van die Noordelike Halfrond 'n tekort het.

## CGA PRODUSENTE ROADSHOWS

Die tweede week van CGA Produsente Roadshow is soos volg: Paul Hardman se span besoek: NOORD-KAAP: 17/2 Lake Grappa, Kakamas om 14:30; WES-KAAP: 19/2 Piekenierskloof om 14:30; BOLAND: 20/2 Ashton Kelders om 14:30.

My span besoek OOS-KAAP MIDLANDS: 18/2 Katrivier 14:30; SONDAGSRIVIERVALLEI: 19/2 Africanos 14:30; PATENSIE: 20/2 Besproeiingsraad 14:30.

Alle vergaderings sal deur 'n braai en drankies afgesluit word.

**VIR SPYSENIERINGSDOELEINDES RSVP ASB AAN GLORIA@CGA.CO.ZA**

**CGA GROEP MAATSKAPPYE (CRI, RIVIER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**